# 1 Julie 2020 - Die Isebelgees in kinders agv. n verkeerde opvoeding

## Groot Johannes Evangelie, Boek 1

***Slegte skole. Die enigste wat van belang is!***

**Hoofstuk 168**

2] Ek (**JaHshua**) sê: "**U skole is dan juis daarop gerig om al die geestelike in die tere gemoed van die kinders te dood,** en daar sou dus weinig verlore gaan as die skole heeltemal verdwyn; want waarlik sê Ek u: as die wêreld u leraar is, wat kan jy geestelik dan van haar leer?

[3] **Wie nie in sy hart leer van Elohim nie, die bly in die nag van die wêreld en die lig van die lewe sal vir ewig ver van hom af bly!**

[4] Maar wie nie verlig word deur die ware lig van die lewe wat uit Elohim straal nie, **die is dood,** ook al sou hy oor die wêreld heen alle engelewysheid geleer het! Hoe lank sal die kennis hom van diens wees?

[5] Bly daarom in My, dan sal ook Ek in u wees en die wysheid van die hemele sal u hart vir ewig lewend vervul! Begryp u dit?"

## Aarde en Maan (Jakob Lorber)

***Oor die speelduiwel en die moderne opvoeding op 1-4-1847***

60 `n Ander tipe mens het al van jongs af aan, wat gewoonlik `n groot opvoedingsfout is, `n spesiale verlange na **allerlei soorte speletjies;** hulle kan die tyd nie andersins deurbring nie, as maar net met gebeusel en spel. Die verlange na speletjies word van die kant van **kortsigtige en dom ouers** gewek, deurdat hulle al vir die klein kindertjies voortdurend `n groot hoeveelheid sogenaamde kinderspeelgoed aanskaf om die kinders deur soortgelyke speelgoed, as hulle nog baie klein is, **tot swye te bring**, en as die kinders ietwat grootgeword het, hulle deur sulke speelgoed **tot werksaamheid te bring.**

[2] Terwille van sulke kinderspeelgoed vind mens in die stede selfs spesiale winkels en is daar selfs markte, waar **sulke domhede** in die mees verskillende soorte en dikwels in die ergerlikste vorme te koop aangebied word.

[3] **Kyk, daar het ons een bron en weer `n nuwe weg, waarlangs die bose siele van afgeskeide mense in die vlees van sulke kinders kan binnekom.**

[4] Wat sal die gevolg daarvan wees? Hierdie kinders word alreeds deur hierdie geeste **wat in hulle binneste woon,** daartoe aangedrywe, om meer en meer speelgoed te besit. Ja, baie kinders kry soveel speelgoed van hulle ouers, dat dit al `n fortuin kos. Die kinders verdiep hulle uiteindelik in hierdie speletjies en het byna **geen tyd en rus** om iets anders te doen as om aan hulle speelgoed te dink nie. Die jong seuns het ruiters, houtperde, papiersoldate, helmets, blik gewere en sabels; maar wanneer hulle groot is, wil hulle lewende-, in plaas van houtperde en in plaas van blik- word egte gewere aangeskaf; want dit is noodsaaklik dat `n jongmens voor alles leer **dans, ry, veg en swem.** Ook oefeninge in die skietkuns met pistole kan mos nie skaad nie. Daarnaas is dit vanselfsprekend dat `n jongmens soos `n egte heer, soos mense gewoond is om te sê, nog voor hy sy moedertaal ken, ook `n paar moderne vreemde tale gebrekkig leer praat, daarby ook tuis is op die gebied van die **mode**, en hulle leer die gewoonte aan om die geglaseerde handskoene al van jongs af so vas om die hand te pers, dat die vingers stokstyf daarin staan. En gelukkig is diegene, wat al as seun op `n kinderbal (dans) as eerste kan voordans, waaroor die ouers van so `n genie, bykans siek word van suiwer verrukking en vreugdetrane vergiet, - trane, wat dan as opgeloste spesifika in die siel die merkwaardige werking veroorsaak wat op die volgende neerkom: Omdat juis hierdie trane so `n belaglike afskeid van die oë moet neem, soek hulle daarna hulle toevlug by die ore van dieselfde siel, waardeur juis die ore deur `n ongewone verlenging baie sterk groei.

[5] Uit sulke nie-hoopvolle, maar hopelose seuns van sulke werklik meer as eselagtige ouers, **groei dwase op wat niks weet nie**, omdat hulle noot iets geleer het wat die goeie verstandskragte van hulle siel, ook maar iets kon verryk het nie.

[6] Sodat so `n dwaas egter perfek kan word, moet hy ook al **in die eerste tyd van sy lewe alle edele speletjies volkome begryp**, waarvoor met verloop van tyd selfs die mees nuttige - vanselfsprekend nuttig vir die hel - aanwysings en selfs filosofiese beskouinge geskrewe en gedruk is.

[7] Geskiedenis-onderrig sou wel beter gewees het, ook aardrykskunde; oor die evangelie sal ons maar liewer swyg, **want mens kan die wêreld slegs `n wêreldse-, maar geen goddelike raad gee nie**.

[8] Geskiedenis en aardrykskunde sou sulke mense nader aan die goddelike bring, terwyl hulle deur die hierbo aangegewe moderne opvoeding met huid en haar sonder genade of verskoning **reëlreg na die onderste hel gevoer word.** En dit alles is die gevolg van die **speelduiwel** wat al in die vroegste jeug ingewortel en die vlees in besit geneem het, wat tot die mees hardnekkigste behoort, want hy verenig in hulle die speelsug, behaagsug, voortdurende verlange om hulle te vermaak, materiële winsbejag en daarmee die vermomde heerssug. **Hierdie duiwel is die allermoeilikste om uit die mensevlees te dryf** en gaan byna op geen ander manier uit, as wat hy by Judas Iskariot uitgedryf is (deur homself op te hang), wie nog veel beter was as die beste modegek vandag.

# 2 Julie 2020 - Lesing 2 - Die Isebelgees in kinders agv. n verkeerde opvoeding

**Groot Johannes Evangelie, Boek 1**

***Slegte skole. Die enigste wat van belang is!***

(vervolg) [9] Ook op dieselfde manier word die vroulike geslag dusdanig misvorm, dat die siel van `n twaalfjarige jong dame al dikwels net so lyk soos `n **Proteus (om gedurigdeur van klere te verwissel)**. So `n meisie is al in die wieg `n modiste, (modegek) want daarvoor kry sy `n **hele spul poppe om aan- en uit te trek**, nuwe kleertjies voor te maak en so te leer om verskillende **houdings aan te neem**, soos wat sy dit in die modetydskrifte sien. Daarby moet sy ook al Frans en Engels (moedertaal is Duits) begin te praat, terwyl daar van bid nog geen sprake is nie. Ook die dansmeester kry gou baie te doen en daarna die klavier- en skilder-leraars.

[10] Op hierdie manier groei, as dié onderwysmetode goed gehandhaaf word, uit die wiegkind, wat nouliks in staat is om haar neus self te snuit, eers `n wonderkind en as so `n meisie nouliks vyf hand-breedte grootgeword het, dan is sy al `n engel, as sy nie al `n godin is nie.

[12] Word so `n meisie dan ongeveer so 14 jaar oud, dan word sy al volgens die groot modeblad **opgesmuk** en in die sogenaamde groot wêreld binnegelei, by welke geleentheid daar natuurlik weer vreugdetrane deur die ouers vergiet word wanneer so `n dogter, wat die wêreld binnegelei word, dan daar byval oes.

[13] Hierdie dogter ken weliswaar, ondanks die godsdiensleraar, dikwels nie `n teks uit die Skrif nie; ook nie die 'onse Vader' en ewemin die tien gebooie nie, want om te bid is iets vir die volk en hoort nie tuis in die eintlike vername kringe nie. Daar word in die eerste plek gelet op die houding, op die stap, op die houding by die stap, of dit wel is soos wat die mode dit voorskryf, dan op `n mooi gesiggie, op `n baie ontblote hals, teer, wit, sagte en ronde hande en as dit moontlik is, nog meer op `n passende klein voetjie, en ook of so `n meisie in die edele kuns van die **kokettery** tuis is- en natuurlik ook of haar kleding elegant is. Onder sulke omstandig-hede is so `n vroulike prag-eksemplaar uit die goeie kringe, dan ideaal.

[14] **Hoe gelukkig sou menige esels hulle prys, as hulle so `n vroulike prageksemplaar as vrou kon kry**. Ja, so `n esel sou wel gelukkig wees, want so `n prageksemplaar kan hom binne `n kort tydjie tot die hoogs nugtere oortuiging bring, dat hy ten eerste `n groot esel was en ten tweede dat sy verruklike vroulike prageksemplaar niks anders was as `n gekalkte graf, of `n van buite vergulde pilaar, waarvan die **inwendige hout geen sent werd is nie**.

[15] Wat is egter die oorsaak van so `n ontaarding? Die oorsaak is al hierbo aangegee; en dit is die **beseten-heid met `n sogenaamde speelduiwel**, wat hulle veroorloof om dit met die mense te doen, wat die kinders, veral die meisies, met hulle poppe doen.

[16] Sou dit nie beter gewees het, as die kinders dan tog speelgoed moet hê, dat `n mens vir hulle **speelgoed gee wat een of ander betrekking het op My jeug op aarde nie**? Daardeur sou die kinders `n goeie neiging ingeplant kry en hulle sou, wanneer hulle groter word, met plesier na meer feite en data vra en na alles wat hulle speelgoed voorgestel en beteken het. Onder sulke omstandighede sou `n ware kategeet dan sekerlik `n baie vreugdevolle werk hê in die aanleg van `n jong wingerd en hy sou ook weldra wonderbaarlike vrugte oes.

[17] Maar hier is juis die teenoorgestelde die geval. In plaas van vir die hemel, word die kind al **in die wieg vir die hel opgevoed,** wat dan ten slotte ook triomfeer.

[18] Van die soort word die meeste na die hel deurgevoer, want sulke mense beskou hulle as baie goed, regverdig en, volgens hulle begrippe van die wêreld, volkome deugsaam, vandaar dat daar ook nie te dink is aan `n verbetering nie. Dit sou volgens die begrip van sulke mense, slegs `n teruggang en `n agteruitgang van hulle fyn sedes wees.

[19] `n Dief en `n moordenaar kan berou voel, `n hoereloper, `n egbreker en ook `n dronkaard kan onder bepaalde omstandighede sovêr gebring word, dat hy sy groot dwaasheid insien en `n mens aan hom kan sê: 'Jou sonde is jou vergewe, gaan heen en sondig nie meer nie!" Wat sou mens egter vir hierdie fyn ontwikkelde, hoogmoedige en baie trotse wêreld sê? Sy beskou haarself as opreg, buitengewoon beskaafd, en hou haar aan die wette van die goeie toon en smaak; sy ondersteun ook die armes as die goeie smaak dit veroorloof, gaan ook na die kerk - op die tye natuurlik, wat die elegante wêreld pleeg om daarheen te gaan; woon ook `n preek by, as die predikant iemand volgens haar smaak is, wat sy preek so aangenaam teatraal kan voordra en natuurlik ook `n pragtige stem het en `n aangename persoon is. Van die preek word bykans niks opgestook nie, ...

[20] Hieruit volg, hoe moeilik of onmoontlik hierdie mense verbeter kan word. **Want by hulle gaan doop en salwing met olie in volle erns verlore**, soos julle sou sê. Daar sal in die wêreld van die geeste baie nodig wees om sulke mense op die lewensweg te bring, want vir sulke mense - mense glo dit nouliks - is My Naam weersinwekkend en Ekself is vir hulle so goed as heeltemal niks, hoogstens `n armsalige moralis uit die ou tyd, wie se moraal nou egter geen waarde meer het nie, omdat mense in Parys `n baie beter een uitgevind het.

[21] In die geestelike wêreld, waar die Paryse modeblaaie natuurlik nie meer deurdring nie, waai dan `n ander wind. Dit is weliswaar `n wind van genade, **maar ruik vir soortgelyke siele erger as die pes**. Daarom vlug hulle al lank vooraf weg van die plek, waar hulle so 'n genadewind sou kon voel. Ek sê vir julle: **Uit hierdie klasse mense sal baie in die kuil van die Satan beland**, wat soveel wil sê as, in die allerlaaste afval van die materie, wat as omhulling saam met sy sentrum, wat vir julle al bekend gemaak is, die laaste reis sal maak.

# 4 Julie 2020 - Lesing 3 - Die Isebelgees in kinders agv. n verkeerde opvoeding

## Die Wysheid van Sirag 30

1 HY wat sy seun liefhet, sal **voortgaan met sy slae** dat hy hom mag verheug oor sy einde.

2 Hy wat sy seun tugtig, sal 'n plesier in hom hê, en tussen die bekendes sal hy 'n welgevalle in hom hê.

3 Hy wat sy seun leer, **maak die vyand jaloers** en voor die oë van 'n vriend sal hy oor hom juig.

9 Bederf jou seun, en hy sal jou verskrik, gee toe aan hom, en **hy sal jou smart aandoen**.

10 Wees nie ligsinnig met hom dat hy jou nie verkleineer en maak dat jy aan die einde op jou tande kners nie.

11 Laat hom nie heerskappy hê in sy jeug en **moenie sy stoutighede oorsien nie.**

12 **Verpletter sy lendene terwyl hy nog jonk is**; buig sy hoof in sy jeug en slaan sy lendene terwyl hy nog klein is, anders sal hy koppig en ongehoorsaam word en jou hart verbitter.

13 Tugtig jou seun en maak sy juk swaar dat hy hom nie in sy dwaasheid teen jou verhef nie.

## Maak en Breek - Hoofstuk 26

*Opvoeding van kinders*

Die onderwerp waaroor ons nou gaan gesels, is die opvoeding van kinders. Meeste van julle wat MY woorde hier lees, het kinders. Die kind is 'n skepsel wat aan volwasse mense toegeken word sodat hy omvorm kan word tot 'n grootmens **wat MY waardig** is.

Ongelukkig het kinderopvoeding in die niet verdwyn in die meeste gevalle. Die ouers dink dat deur vir die kind alles te gee wat hy begeer, hy die kind van sy liefde vir hom of haar oortuig. Niks is meer verwyderd van die waarheid nie. Die kind is, net soos sy ouers, 'n mens van vlees en bloed en daarom kan sy siel ook verknog raak aan **aardse plesiertjies**. Speelgoed is vandag gemik daarop om die **kind se siel** met geweld te skaad. Die ouers is so oningelig, dat hulle nie besef wat hulle kinders doen nie. Daar is vandag **demoniese speelgoed** vrylik op die rakke beskikbaar en menige kind het so iets uit die bose in sy kamer. Waar kan MY Gees plek kry in so 'n kind se hart, as hy al van kleins af sy lewe en strewe **met demone deel** wat niks vir die kind voel nie?

Hulle is daarop uit om nog een vir die hel te verwerf en sonder dat die ouers dit besef, gee hulle, hulle toestemming, want hulle is verantwoordelik vir die kind se opvoeding. Dit is onder andere van hulle waar daar gepraat word, toe EK gesê het dat 'n **meulsteen om sy nek** gebind moet word. Dit is beter dat die ouer alleen in die verderf gaan as dat hy die kind saam met hom trek.

Kinders is kosbare wesens, wat ook MY kindertjies is. Hulle is nie die eiendom van die ouers alleen nie en is daarom 'n baie groot verantwoordelikheid. Moenie dink dat jou kind sy eie sieleheil moet uitwerk nie. Dit is jou, as ouer se plig om hom of haar dit daagliks in te skerp oor die verantwoordelikheid wat hy of sy teenoor MY het. Hoe kan jy verwag om 'n kind eers in sy vroeë tienderjare van MY te leer, terwyl hy klaar gevorm is? Skerp dit hom in, elke dag en sonder ophou moet jy vir jou kind bid, want die wolwe en jakkalse daarbuite lê en loer op vars bloed wat hulle kan verslind en angstig wag hulle op nog 'n siel wat hulle saam met hulle kan aftrek na benede. En as hulle eers benede is, hoe gaan jy as ouer dit regkry om hom daaruit te kry?

Die bose is baie feller op kinders as op volwassenes, omdat hulle **maklike prooi** is. As die kind eers eenmaal die oortreding begaan het om van MY afvallig te word, is dit baie moeiliker om hom tot besinning te laat kom, omdat kinders nog nie die verantwoordelikheidsbesef het wat 'n volwassene het nie. Daarom is dit belangrik om 'n kind **van geboorte af aan MY op te dra** en EK sal MY Hand oor hom of haar hou in sy grootword proses.

'n Kind moet leer om **rein te speel** van kleins af, deur vir hom speelgoed te gee wat hom **van MY leer** bv. blokkies. Dit leer hom dat daar 'n sekere orde in MY skepping is en ook om konstruktief te wees en nie destruktief nie. Hy leer ook van swaartekrag en die ouer moet aktief met die kind speel en hom vertel van MY skepping terwyl hy speel. Dan sal julle kinders welgevallig wees en ordentlike volwassenes word.

Hou enige speelding weg wat daarop gemik is om die kind van **ydelheid** te leer. Dogtertjies word ongelukkig baie gou van ydelheid geleer omdat mamma haar altyd **optof** en van kleins af word daar **grimering** aan die onskuldige gesiggie gesmeer. Die klem word dan al klaar op die uiterlike gelê en binnekort sal sy begin oplet na haar maats se kleredrag en hare en sy sal haarself met hulle **vergelyk**.

Is hulle nie mooier as sy in **haar eie oë** nie, word hulle dit in geur en kleur vertel wat dan weer 'n reaksie by hulle ontlok. Hulle probeer dan om haar te oortref met mooier klere as sy en dit wek wederkerige jaloesie. As sy besef een van haar maats is mooier as sy, is die gort behoorlik gaar. Ma en Pa moet dan net geld uithaal sodat sy beter besittings kan hê as haar maat.

Dit is 'n euwel van vandag dat ouers met hulle mooi kinders wil **spog**. Die dom ouers maak van hulle kinders **opregte duiwels** wat geskik is vir die hel, nog voor hulle ses jaar oud is. Hou op om jou kind vol te pomp met aardse ydelheid**. Skoonheidskompetisies is reg uit die hel** en is net daarop uit om die kind se selfbeeld te bederf, want die kind wil altyd die mooiste en maerste en bes geklede persoonlikheid wees. Niks van MY is daarin te bespeur nie. \

Skoonheid is NIE 'n talent wat nie onder 'n maat-emmer weggesteek moet word nie. Verberg eerder jou kind se aardse skoonheid en leer hom of haar dat die **werklike skoonheid** die gees binne hulle is.

Dan sal julle kinders welbehaaglik voor MY aangesig wees en EK sal kom met MY seën. Die kind wat MY welgevallig is, is 'n **reine onskuldige kind** en EK kan hom/haar maklik met MY Gees vervul en dit kan net vir hom/haar 'n aanwins wees op die lewenspad wat voorlê. Hê julle kinders in MY lief en nie in die wêreld nie en hulle sal julle tot seën strek.

## Die Verborgenheid Hoofstuk 38 deur Christine Badenhorst

7 Feb.2008 08:19

EK ken alle harte en sal daarom ook weet in watter toestand jou hart is. EK weet as jy sonde doen in jou hart en Ek weet ook wanneer jy opreg is. Daarom sal EK dit bekendmaak in die hiernamaals en elke ding wat jy gedoen het, en hoe jy was, sal baie duidelik op jou gesig te siene wees. **EK laat elke mens sy eie siel vorm soos wat hy werklik binne sy hart is**.

As jy vol sonde is en weier dat EK jou skoonmaak, sal jou siel lyk net soos wat jy werklik is. Baie van die mense wat in die hiernamaals aankom, lyk verskriklik en hulle is **heeltemal boos**. Daarom lyk hulle dan ook soos **gedrogte** en kan hulleself nie verander om mooi te lyk en almal te flous met hulle voorkoms nie. Almal wat hulle dan sien, sal weet dat hulle sondaars was wat grof teen MY gesondig het.

EK sien vandag dat mense hulle kinders toelaat om met **speelgoed te speel wat die demone uit die hel voorstel,** en nie eers daarvan bewus is nie. Daar is nie sulke goed soos monsters nie. EK het nie sulke wesens geskape nie, maar die mens skep dit in hulle harte en lyk dan so, die oomblik wanneer hulle die liggaam aflê en die liggaam dan nie meer daar is om die slegte dinge weg te steek nie. Dan is alles so duidelik soos daglig en elke mens sal dan kan sien waar daardie mens se foute lê.

Die demone in die hel word dan ook so "oulik" as moontlik aan die kinders voorgestel deur programme op die televisie en ook deur die speelgoed wat verkrygbaar is. MY kinders, julle sal met 'n skok besef wat aangaan as julle julleself net aan MY oorgee sodat EK julle lei en julle oë oopmaak. Dit word dan so goed as moontlik voorgestel om óók so te lyk en die mens het dan nie meer 'n vrees vir sulke monsters nie.

Daardie monsters loop vandag tussen julle, omdat dit die sonde voorstel en elke een wat in daardie sonde deel, **dan van binne so lyk**. Die norm vandag om meisies op vroeë ouderdom na die skoonheidsalonne te neem en hulle op te tooi, is dan ook verantwoordelik vir baie van die lelike "**innerlike monsters**" wat geskep word.

Soos wat EK alreeds gesê het, het EK nie monsters geskep wat in die natuur loop nie. Die monsters is die innerlike van elke mens wat hom nie tot MY bekeer nie en in ydelheid en hoogmoed rondloop. **Kyk maar na die innerlike van mense** en julle sal kan sien of daardie persoon MY **vrug** dra. As hy nie vir MY vrug dra nie, sal sy innerlike soos die hel self lyk.

Dit is ook moontlik vir so iemand om reg te kom en EK sal sy siel heeltemal verander en in die mooiste engel omskep, **sodra hy MY om vergifnis vra en sy lewe op MY rig**.

EK sal dan al die vuil van hom afwas en hom verander en mense sal dan 'n merkbare verskil by hom sien. Die mens wat MY liefhet, **lyk weer soos 'n engel en sal ook MY vrugte dra wat by MY pas en daarin sal julle so iemand kan herken.**

Maar in die hiernamaals, waar niemand meer 'n aardse liggaam het waaragter hy kan skuil nie, sal niemand sy innerlike, ware self kan wegsteek nie en met 'n skok sal mense sien wat regtig in daardie mens se hart aangegaan het.

Dit sê EK julle en julle kan MY maar glo, want EK is die Skepper en Heerser van alles. EK deurgrond en ken alles en ken ook die diepste wese van elke mens.

Niemand kan iets vir MY wegsteek nie en EK sal alles van die dakke af verkondig in die lewe hierna. Kry liewer jou lewe reg en wees soos 'n engel, as wat jy soos 'n volslae duiwel in die hiernamaals lyk. Glo MY nou.

Amen.

# 7 Julie 2020 - Lesing 4 - Die Isebelgees in kinders agv. n verkeerde opvoeding

### Geesteservarings - DEEL 33 - Christine Badenhorst op 19 Feb.2008 Die aand

My baba slaap die laaste tyd baie sleg en hy weier om in sy eie bedjie te slaap, maar slaap baie rustig in my bed. Vader sê toe vir my dat ek onder sy bedjie moet kyk en kasterolie daar moet spat terwyl ek in die Gees by HOM is. HY sal my iets wys. Nadat ek die bose hier buite ons huis bestraf het, het dit beter gegaan, maar hy wou nog steeds nie in sy eie bed slaap nie. Vader wys my toe 'n vieslike klein mannetjie. 'n Maer klein gedroggie wat inmekaar onder sy bedjie sit. Hy is bruinerig, die kleur van 'n mummy, met lelike vratte op sy gesig. Toe ek met Vader praat en die ding bestraf en met die olie daar spat, spring hy op en hardloop weg tot in 'n gat in die grond waar hy weer uitloer. Sy voorkoms en area waarin hy bly laat my dink aan hierdie snaakse tipe flieks wat daar deesdae gemaak word. My baba het net eenkeer wakker geword en het lekker in sy eie bedjie gelê. Vader sê toe vir my dat as 'n mens kwaad word, jy die bose na jou toe aantrek en net so met 'n klein baba wat kwaad word, maar dit net wys deur te skree. Ek kry nie meer baie tyd vir alles nie en sukkel om alles gedoen te kry, dan sal ek my groter kinders vra om die baba te gaan swaai en dan skree hy, want hy wil hê ék moet hom vat. Vader sê as hy so huil, word hy ook maar 'n bietjie kwaad en dit is daarom dat die vieslike ding onder sy bedjie kom inkruip het.

***Jahshua dikteer:***

Baie keer weet julle nie hoekom julle kinders so lastig is nie en dan ontstaan daar baie misverstande. Die kinders is baie meer vatbaar vir die duiwel en sy speletjies omdat hy weet dat hulle nie kan sê wat fout is nie. Die duiwel geniet dit om die huis in chaos te dompel en watter beter manier is daar as om die ou kleintjies aan te val, omdat die geskreeu van babas almal deurmekaar maak. **MY kinders, gaan kyk na julle kinders se speelgoed en gooi uit wat nie pas nie**.

Dit is ook baie keer 'n bron van ontsteltenis, omdat die demone in die speelgoed **wegkruip** en dan die kinders in die nag pla. **Vra elke aand vir MY beskerming en vra dat MY engele oor jou kind sal wag hou**. Dit is nie altyd die ouers se skuld nie, EK weet, maar dit is tog 'n probleem. EK sal dit nooit teen julle hou nie, omdat julle geestesoë nog baie toe is, en as EK dit nie vir MY skryfkneg gewys het nie, sou sy dit nooit geweet het nie...... Amen.

### Volksleiding Reeks Boek 3, Hoofstuk 8 deur Jeanie Maree op 28 April 2009

***Laat die kindertjies na My toe kom***

**"Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie. Amein"**.

Geseënd is elkeen wat `n kindjie in My Naam ontvang, want hy ontvang nie net My nie, maar ook My Vader wat My gestuur het. Amein.

Kinders, `n las of `n vreugde? Vir baie mense is kinders die spil waarom hulle lewe draai en vir ander weer is kinders `n las. Elke kind wat in hierdie wêreld die lig sien, se lewe is deur My beplan, daarom is elke kind wat vir `n ouerpaar gebore word, `n geskenk uit My hand. Baie min ouers besef egter **die verantwoor-delikheid van kinderopvoeding.** Dit behels nie net die liggaamlike versorging nie, maar veral **die ontwikkeling van die siel en die gees.**

In vandag se gejaagde lewe word baie geld en moeite gespandeer aan die **verstandelike ontwikkeling** van kinders. Ouers is in kompetisie met mekaar oor hoe vinnig kinders ontwikkel en hoe slim hulle kinders dan nou is, alles net vir eie eer. Reeds as baba is `n kind ingestel op sy eie behoeftes en is die vleeslike al wat vir hom belangrik is. Dit is wel bekend dat die grondslag van `n kind se lewe gelê word binne die **eerste sewe jaar** van sy lewe en hier speel veral jy, liewe moeder, `n deurslag-gewende rol. Menige ouers skuif die versorging van klein kinders op ander af, terwyl hul verkies om Mammon te dien en vergeet van My beloftes. Het Ek nie gesê julle is meer werd as die lelies van die veld en die voëls van die hemel en dat Ek weet wat julle nodig het, nog voordat julle vra nie?

My Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie en daarom het My orde ook `n hemelse grondslag. **Wysheid van die wêreld is dwaasheid by Elohim!** Daarom liefste mamma, leer jou kind eers innerlike lewensbeginsels soos in My Woord vervat, voordat daar klem gelê word op verstandelike ontwikkeling. `n Kind wat in liefde geleer het om gehoorsaam te wees, sy emosies te beheer, vriendelik en onderdanig te wees, is ook nederig, het vrede in homself en leer enige skoolak-tiwiteite maklik en vinnig. **Wanneer die verstand eerste ontwikkel word, bring dit hoogmoed en `n hoë eiedunk mee,** wat teenstrydig is met My leer en wat nie maklik weer af te lê is nie.

Mamma, leer jou kind reeds as hy begin verstaan van My. Laat hy met My grootword en leer hom **om My in alles te sien,** dat alles met `n doel geskape is, ook hy. Maak My deel van sy daaglikse ervarings en hy sal geen moeite ondervind om My stem in hom te hoor en te erken nie. Hou hom besig met dinge wat goed is vir die ontwikkeling van sy siel.

Deur heeldag voor die TV of rekenaar te sit, kry hulle geen liggaamlike oefening nie, maar sien en beleef dinge wat hulle negatief beïnvloed. Selfs kinderpro-gramme is vol oorlog, moord en doodslag. Dit vernietig die liefde en leer hulle die pad van selfregverdiging, ongesonde eieliefde en hoogmoed. **Dit is alles eienskappe van Lucifer**, waardeur hy poog om almal wat aan My behoort, tot `n val te bring, want, 'wie met die swaard lewe, sal deur die swaard omkom'.

Nog iets wat die hoogmoed en eie ek aanblaas, is `n **oormaat speelgoed**. Dit wek die begeerte om te wil hê, altyd beter en meer. Baie gou raak kinders in kompetisie met mekaar en ontstaan die begeerte na `n ander se goed. Speelgoed word ook deur die bose gebruik om kinders aan te val. Drogbeelde en buiteruimtelike wesens soos `***spiderman'*** en `***batman'*** is genoeg om enige kind slapelose nagte te besorg. Bowendien is sulke dinge nie deel van My skepping nie, want alles wat Ek geskape het, was goed, baie goed. Amein.

# 8 Julie 2020 - Lesing 5 - Die Isebelgees in kinders agv. n verkeerde opvoeding

### Groot Johannes evangelieboek - Boek 1

*`n Woord vir ons tyd. Die rede vir kindersiektes*

241 [5] **Want daar is `n groot verskil tussen `n rein en `n hoogs onrein kind**. Die eerste kan deur My direk, maar die tweede slegs indirek gelei word op, namate dit noodsaaklik is, baie doringagtige paaie, soos in hierdie ware, beskrewe geval duidelik te siene is.

[6] Mense moet daarom ook nie so voorbarig wees dat hulle vra waarom, nie selde nie, kinders wat beslis niks misdryf het of altans nie toerekeningsvatbaar is nie, deur My liggaamlik dikwels harder aangepak word as ou sondaars, vir wie dit net so moeilik is om hulle sondes te tel as die sand van die see."

[7] Want daarop sê Ek: "wie `n boom op `n bepaalde manier wil buig, moet, solank die boom nog **jonk en buigsaam** is, dit in die gewenste rigting begin buig. As die boom eenmaal oud geword het, dan moet daar al buitengewone middele aangewend word om hom met die grootste moontlike moeite `n ander rigting te gee; **maar `n baie ou boom neem geen ander rigting meer aan nie - behalwe die laaste, wanneer hy omgekap word."**

[8] "En dit is dan ook die rede dat Ek," sê die Meester, "die kinders en selfs klein kindertjies dikwels harder bewerk as `n ouere; **want die bose geeste is nêrens so ywerig as juis by die kinders nie**, en hulle is baie diensvaardig om die siel te help om haar liggaam so op te bou dat die liggaam ook vir hulle `n groot aantal **vrye en aangename wonings** sal bevat!"

[9] Wat doen die Meester dan, aan wie alles wat gebeur nie onbekend kan bly nie?

[10] Wel, Hy stuur Sy engel, laat die miserabele en sluwe werk van die slegte helpers afbreek, en as vreemde deeltjies deur allerlei **na buite tredende liggaamlike siektes uit die liggaam verwyder**.

[11] Kyk na die verskillende **siektes van baie klein, asook grotere, kinders** en Ek sê vir julle dit is niks anders nie as verwydering van die vreemde, slegte materiaal waarmee die nog so **bose en onsuiwere geeste** die siel, by haar opbou, gehelp het om vir hulleself vrye behuising te vestig in daardie bepaalde liggaam.

[12] As hierdie kwaad by kinders nie altyd baie kragtig teengewerk word nie, dan sou daar soveel **besetenes, doofstommes, kretins en allerlei kreupeles** wees dat daar op die hele aarde kwalik êrens `n gesonde mens aangetref sou word.

[13] Natuurlik vra mense dan weer: maar hoe kan die baie wyse Elohim so iets van die begin af toelaat; dat slegte en onreine geeste hulleself in die jong liggaam van die siel kan binnesmokkel?"

[14] En dan antwoord Ek: "Dit is `n vraag van die blinde mens wat nie weet dat die hele aarde, ja, die hele skepping, betreffende haar uiterlik sigbare, materiële liggaamlikheid in al haar sogenaamde elemente **as't ware `n konglomeraat is van geeste**, wat vir `n bepaalde tyd geoordeel is of vasgehou word.

***Die reinigende werking van siekte en dieet. Die belang van goeie voeding vir kinders.***

**242** Elke keer dat die siel vir haar liggaam stoflike voedsel vra en dit kry, kom daar saam met die voedsel ook altyd `n **legioen vry geworde, reeds slegte en onreine geeste in haar liggaam in**, wat haar dan moet help met die verdere opbou van die liggaam.

[2] Hierdie geeste **verenig hulleself langsaam** maar sekerlik en vorm weldra algeheel hul eie siele, met `n intelligensie wat eie is aan hulle soort. As hulle tot dié hoëre fase oorgegaan het, laat hulle weldra die eintlike siel, as geregtigde besitster van die liggaam, in die steek en begin voorsiening in die liggaam aan te bring wat vir hulle eie vermeende verlossing geskik sou wees.

[3] As hierdie, maar alte dikwels by jong kinders voorkomende, hongerige en vraatsugtige siele, `n taamlike hoë graad van hulle vermeende welsyn bereik het, dan kan en moet daar ook een of ander verskynsel by die kinders intree.

[4] As mens die kind nie volledig besete wil laat word nie, moet die liggaamsvreemde deur een of ander daarvoor **geskikte siekte** verwyder word. Om `n taamlik swakke kindersiel nie te seer te maak nie, kan mens ook die siel vir `n bepaalde tyd so goed en so kwaad as wat dit moontlik is in daardie half-vreemde liggaam laat voortlewe. Daarna probeer mens haar dan weer deur lesse van sowel die buitewêreld asook tegelyk van die innerlike geesteswêreld tot so `n vlak van insig te bring dat sy ten slotte uit eie wil haar parasiete deur vas en allerlei ander ontseggings begin uit te dryf. Ook kan mens, as die parasiete te hardnekkig is, die hele liggaam van haar afneem en dan so `n siel in `n ander wêreld vir die Ewige Lewe opvoed.

[5] Ook die, vir die ouers dikwels bittere, vroeë liggaamlike dood van hulle kinders, vind hierin sy oorsaak; daarom moet veral, na aardse maatstawwe, ryk ouers goed daarvoor sorg dat hulle kinders doelmatige voedsel gebruik.

[6] As `n moeder die deur Moses as onrein aangegewe kos eet, dan mag sy die kind nie self soog nie, maar moet dit deur `n ander laat soog wat rein kos gebruik, anders sal sy met die kind veel sorge hê.

[7] Om hierdie rede het die Judeërs reeds vanaf Abraham, vernaamlik deur Moses, wetlike voorskrifte gekry van wat rein diere en rein vrugte is, en almal wat daardie wette nougeset volg, het nooit siek kinders nie, en bereik self `n hoë ouderdom en sterf gewoonlik aan ouderdomswakte.